



# HET JY KLAGTES OOR 'N PERSOON OF 'N BESIGHEID WAT DRANK VERKOOP?

Die publiek kan klagtes lê teen 'n persoon of 'n besigheid wat drank verkoop. Die Wes-Kaapse Drankowerheid sal ondersoek instel en aksie neem as daar voldoende bewyse is van 'n wanpraktyk. Ernstige oortredings sal verwys word na die Dranklisensiëringstribunaal. Die Tribunaal kan die lisensie terugtrek, die lisensie opskort, die voorwaardes van die lisensie verander, of 'n boete uitreik. Hieronder volg meer inligting oor klagtes teen 'n dranklisensiehouer.

## WAAROM KAN MENS KLA?

Jy mag kla as:

- 'n Drankwinkel alkohol aan kinders verkoop (enige iemand onder die ouderdom van 18 jaar oud).
- 'n Drankwinkel wat onnodige geraas of 'n openbare versteuring veroorsaak.
- 'n Drankwinkel wat oop bly later as wat hulle verkoopsure toelaat. Die verkoopsure moet duidelik vertoon word by die winkel.
- 'n Drankwinkel verkoop drank aan mense wat vermoedelik reeds dronk is.
- 'n Drankwinkels laat die gebruik en verkoop van dwelms toe op die perseel.
- 'n Drankwinkel hou enigiets as sekuriteit (bv. identiteit dokument, SASSA kaart, juweliersware ens.) vir die betaling van skuld in verband met die verkoop van drank.
- 'n Gelisensieerde drankwinkel wat aan 'n ongelisensieerde drankwinkel verkoop, of aan persone verkoop om te herverkoop.
- Enige ander klagte wat jy dink die Wes-Kaapse Drankowerheid se aandag nodig het.

## HOE OM 'N KLAGTE TE LÊ?

Jy kan 'n klagte lê by die Wes-Kaapse Drankowerheid deur te:

- Bel 021 204 9805
- E-pos: [Liquor.Enquiries@wcla.gov.za](mailto:Liquor.Enquiries@wcla.gov.za)
- Die klagteform te voltooi op die WCLA webwerf – [www.wcla.gov.za](http://www.wcla.gov.za)

Jy mag ook klagtes lê by die Suid-Afrikaanse Polisie of munisipaliteit (wetstoepassing) in die area.

## HET JY GEWEET?

- Om wettig drank te vervaardig of te verkoop, benodig jy 'n dranklisensie.
- Die lisensie moet elke jaar hernu word.
- 'n Dranklisensie is 'n dokument wat uitgereik word aan 'n persoon om wettig drank aan die publiek te verkoop, of om drank te vervaardig.
- Jy kan 'n klagte lê wanneer 'n dranklisensiehouer die wet oortree of enige van die lisensie se voorwaardes oortree.
- Alle lisensiehouers moet die lisensie voorwaardes vertoon op die perseel vir die publiek om te sien.
- Jy mag foto's, video's, of enige ander bewyse insamel om jou klagte te ondersteun.

## VIR MEER INLIGTING

Bel: 021 204 9805 • E-pos: [Liquor.Enquiries@wcla.gov.za](mailto:Liquor.Enquiries@wcla.gov.za) • Besoek ons webwerf: [www.wcla.gov.za](http://www.wcla.gov.za)